HOËRSKOOL VREDENDAL KOSHUIS

Hoërskool Vredendal Koshuis is op 12 Oktober 1973 gestig.

Die skool se koshuis is op die skoolterrein geleë. Hier heers ‘n rustigheid en die druk van die dorp se bedrywighede is tot ‘n minimum beperk.

Hoërskool Vredendal Koshuis kan blyplek aan 115 koshuisgangers, Hoër- en Laerskool, verskaf.

In die dogter- en seunsvleuels kan tot vier leerders ‘n kamer betrek. Leerders word gewoonlik ingedeel volgens grade. Daar is ‘n ruim studiesaal met lugversorger en ‘n gerieflike TV/sitkamer. Alle leerders studeer in die studiesaal, behalwe graad 11 en 12 studeer in hul kamers. Vir musiekleerders is daar ‘n musiekkamer beskikbaar.

Die koshuis is naby die sportvelde en skole geleë. Alle koshuisgangers kan dus sonder enige ongerief en in veiligheid hulle sport- en skoolaktiwiteite beoefen.

Leerders wat aan enige ander aktiwiteite deelneem, wat nie deur die skool aangebied word nie, kry ruim kans hiervoor en reëlings kan getref word vir vervoer en spesifieke geleenthede.

Leerders kan Maandae en Woensdae dorp toe gaan. Koshuisgangers se ouers moet geskrewe toestemming gee vir alle uitstappies.

Koshuisreëls word streng toegepas. Dissipline, wat tot almal se voordeel strek, heers by die skool en koshuis en verseker die leerders se veiligheid en verskaf gemoedsrus aan ouers.

Ons personeel het baie deernis vir die koshuisgangers en is altyd beskikbaar om hulp te verleen.

Ons glo dat leerders gelukkig is hier en daar word moeite gedoen om so ver moontlik ‘n huislike atmosfeer te skep. Dit is bekend dat daar gewoonlik ‘n spesiale band tussen koshuisinwoners ontstaan.

‘n Kenmerk van ons koshuisleerders is een van onafhanlik-wees, individualisties-wees en selfstandig-wees.

‘n Koshuis vertel verskeie stories – ‘n storie van vrede en rustigheid, spanning en konflik, blydskap en hartseer, vreugdes en trane, opgewondenheid en ook teleurstelling.

Die bydraes van koshuisleerders tot die skool en prestasie op akademiese-, sport- en kultuurgebied en leierskap was en is steeds enorm.

Ons glo dat al hierdie ervarings van ons koshuiskinders mense gemaak het wat suksesse en mislukkings kan hanteer, trots is op wie hulle is, trots is op hul omgewing, trots is op wat hulle kan bied en wat met trots hul plek in die skool en breë samelewing kan volstaan.

Kontakbesonderhede:
Superintendent – (027) 213 4503
Matrone – (027) 213 1123
Faks – (027) 213 1123
Posbus 266, Vredendal, 8160
Buitelaan, Vredendal, 8160

E.202 A

KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT

AANSOEK OM TOELATING VAN LEERDER TOT KOSHUIS

TOELATINGSNOMMER WAT IN TOELATINGSREGISTER VERSKYN:
.....

1. Die ingevulde vorm moet bewaar word solank as die leerder in die koshuis inwoon en daarna solank as losies-geld nog deur die ouer/voog verskuldig is.

2. In geval waar skuld aan die Provinsiale Rekenmeester vir invordering oorgedra word, moet hierdie vorm en ander toepaslike korrespondensie die aansoek om oordrag vergesel.

3. Die vorms moet in een omslag in numeriese orde volgens die toelatingsnommers bewaar word.

---

1. Naam van koshuis .....

2. Naam van leerder voluit .....

   Geboortedatum .....

3. Naam van huidige skool .....

4. Huidige graad ..... 5. Datum waarop toelating verlang word .....

6. Besonderhede van ouer/voog:

6.1 Volle naam .....

6.2 Woonadres .....

.....

6.3 Posadres .....

6.4 Beroep .....

6.5 ID-nommer .....

6.6 Telefoonno.: Huis ..... Werk .....

6.7 Naam en adres van werkgewer .....

6.8 Naam en adres van mediese vereniging .....

7. Is die toelating van die leerder tot die skool waaraan die koshuis verbonde is, reeds goedgekeur .....

8. Naaste skool aan ouer/voog se woning:

   Naam van skool ..... Afstand na skool .....

9. Naaste koshuis aan ouerwoning .....

10. Indien koshuis gemeld onder 1. nie die naaste aan die ouer/voog se woning is nie, meld waarom

    leerder nie in die naaste koshuis gehuisves word nie .....

    .....

11. Rede(s) vir verlating van die huidige skool .....

.....

12. Het die leerder enige gesondheidsprobleme of liggaamlike gebreke? Indien wel, spesifiseer

.....

13. Vorige operasies met datums .....

.....

14. Onderstreep siektes wat leerder gehad het: Masels, Duitse Masels, Kinkhoes, Waterpokkies, Pampoentjies, Skarlakenkoors, Witseerkeel, Rumatiekkoors.

14.1 Meld enige ander siektes nie hierbo genoem nie, waaraan leerder gely het .....

.....

15. Onderstreep siektes waarteen leerder geïmmuniseer is: Poliomiëlitis, Witseerkeel, Kinkhoes, Tetanus, Tuberkulose (B.C.G.), Masels, Duitse Masels, Pampoentjies.

16. Naam van dokter wat tydens siekte ingeroep word ..... Tel.no. .....

17. Kerkverband .....

18. Verklaring en onderneming van ouer/voog

18.1 Ek, die ondergetekende ouer/voog van bogemelde kind, verklaar hiermee dat die inligting, soos verstrek, as my beste wete korrek is, en onderneem om –

18.1.1 indien hierdie aansoek slaag en my kind nie van die huisvesting gebruik maak nie, aanspreeklikheid vir die volle losiesgeld vir een skoolkwartaal te aanvaar, tensy die komitee wat algemene toesig oor die koshuis uitoefen, anders besluit;

18.1.2 as hierdie aansoek slaag en my kind vanaf ‘n later datum na dié in paragraaf 5 hierbo gemeld, van die huisvesting gebruik maak, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgeld vanaf die datum in paragraaf 5 gemeld, tensy genoemde komitee anders besluit;

18.1.3 minstens ‘n skoolkwartaal vooruit skriftelik kennis te gee van die voorneme om my kind weg te neem, behalwe in geval waar die komitee korter kennisgewing aanvaar het en, indien ek nie hieraan voldoen nie, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgeld van die kind tot aan die end van die skoolkwartaal ten opsigte waarvan kennis gegee moes word;

18.1.4 die betaalbare losiesgeld, soos van tyd tot tyd deur die Departement vasgestel, kwartaalliks vooruit te betaal, en

18.1.5 my aan die huishoudelik reëls van die koshuis te onderwerp.

18.2 Die superintendent tree op *in loco parentis* vir alle leerders in die koshuis en word gemagtig om as sodanig op te tree as my gevolmagtigde in alle nood-, mediese en ander gevalle.

....

Datum Handtekening van Ouer/Voog

L.W.:
1. Kragtens die reëls insake koshuise moet ‘n kosganger wie se losiesgeld vir ‘n bepaalde kwartaal nie aan die einde van die kwartaal betaal is nie, vanaf die begin van die daaropvolgende kwartaal uit die koshuis uitgesluit word en nie weer opgeneem word voordat die agterstallige losiesgeld betaal is nie.
2. Die Departement aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van loseerders nie, hoe dit ook al veroorsaak word.
3. Ouers word ten sterkste aangeraai om die besittings van hul kinders teen brand, diefstal, ens. te verseker.